# LAERSKOOL DALVIEW
# WISKUNDE GRAAD 7
# VRAESTEL

EINDEKSAMEN VRAESTEL 2 DATUM: 21 November 2017 TYD: 2 URE
TOTAAL: 100
OPGESTEL DEUR: MNR. A DIPPENAAR
MODERATOR: MNR. S LOOTS

NAAM VAN LEERDER: ______________________________ KLAS: GR 7 ______

**INSTRUKSIES:**

- **ALLE ANTWOORDE MOET OP DIE ANTWOORDBLAD GEDOEN WORD**
- **GEEN SAKREKENAARS MAG GEBRUIK WORD NIE**
- **WERK NETJIES**
- **LEES VRAE NOUKEURIG OM TE SIEN WAT GEDOEN MOET WORD**

Vraag 1 (10)
1.1) Gee die volgende drie terme in elke ry (4)

a) 87; 74; 67; 60; _____; _____; _____
b) 1; 3; 7; 13; 21; _____; _____; _____
c) 1; 1; 2; 3; 5; _____; _____; _____
d) 1; 4; 9; 16; _____; _____; _____


1.2) Bepaal die reël en skryf dit neer en voltooi die tabel (4)
a

| n | 1 | 2 | 3 | 4 | 18 |
|---|---|---|---|---|---|
| | 5 | 8 | 11 | 14 | |

b)

| n | 1 | 2 | 3 | 4 | 34 |
|---|---|---|---|---|---|
| | 0,4 | 0,8 | 1,2 | 1,6 | |

1.3) Bestudeer die volgende patroon (2)



Reël ____________________ Patroon 23 se aantal vuurhoutjies __________

Vraag 2 (30)

2.1) Skryf vergelykings neer vir die volgende bewerings (4)

a) Die verskil tussen twee getalle is 18

b) Die vierkant van 'n getal is 81

c) 'n Getal minus 6 gee dieselfde as die getal gedeel deur 3

d) Die helfte van 'n getal vermenigvuldig met vier keer 'n ander getal is gelyk aan 48

2.2) Vind die waarde van die veranderlike deur gebruik te maak van inspeksie (8)

a) $2b - 8 = 12$ b) $\frac{1}{2}c = 18$ c) $2p - 2 = p + 2$ d) $-9 = t + 5$

2.3) Vind die waardes van die volgende uitdrukkings deur te vervang met

$a = 4$ en $b = 6$

a) $3a - 2b$ (2) b) $a^2 + b^3$ (3) c) $a + 3b^2 - (30 + b \times a^2)$ (5)

$m = 6$ en $n = 10$

d) $3n \div 5m$ (4)

2.4) Skryg die volgende in snelskrif (kortse moontlike vorm) (2)


a) $b + b + b$ b) $a \times b \div c + 4 \times a$

2.6) Gee die kontantes en veranderlikes in die volgen die vergelyking (2)


$\frac{c}{8} = 8 + d - 4k$

Vraag 3 (7)


3.1) Gee die naam van die transformasie wat plaasgevind het en beskryf die transformasie. (3)



3.2) Teken die figuur se refleksie (2)








3.3 Vergroot die figuur met 'n faktor van 3 (2)








Vraag 4 (8)

4.1) Gee die name van die volgende veelvlakke

| A | B | C | D |
|---|---|---|---|
|  |  |  |  |

4.2) Gee die naam van die 3D figuur wat deur die nette gevorm kan word


| A | B | C | D |
|---|---|---|---|
|  |  |  |  |

Vraag 5 (10)

5.1) Bereken die volgende (5)

a) -4 + 5   b) 3 + (-8)   c) -4 – (-16)   d) -5 + (-8) – (-10)   e) 13 – 12 + (-8 ) + 25

5.2) Bestudeer die kaart met temperature van dorpe en beantwoord die vrae wat volg




a) Watter plek se temperatuur is die hoogste?
b) Watter plek se temperatuur is die laagste?
c) Rangskik die temperature dalende volgorde
d) Bereken die verskil tussen die hoogste en laagste temperatuur
e) Bereken die totaal van al die dorpe se temperature

Vraag 6 (14)

6.1) Voltooi die volgende Vloeidiagramme (9)

a)

| | | |
|---|---|---|
| 1 | | |
| 5 | | |
| 3 | | |
| 11 | b → +9 → ÷ 2 → c | |
| -3 | | |
| -1 | | |

(6)

b)

| | | |
|---|---|---|
| | | -4 |
| | | 8 |
| | a → x 3 → -4 → b | 17 |
| | | 32 |
| | | -1 |

(3)

6.2) Skryf formules vir die volgende vloeidigramme (3)

a) b → x2 → +3 → c

b) b → x5 → -4 → c

c) b → ÷8 → + 1 → c

Vraag 7 ( 5)

Bereken die volgende

7.1) 'n Motor ry teen 'n spoed van 90km/h. Die motor gaan staan sonder brandstof na 7 ure. Hoe ver het die motor gery voor hy sonder brandstof gaan staan het? (2)

7.2) Tony Impey van Suid – Afrika ry die Tour de France fietswedren wat oor 'n afstand van 3 450 km strek in 90 ure. Bereken sy spoed per km afgerond tot die naaste km/h (3)

Vraag 8 (16)

8.1) Bestudeer die stam – en – blaargrafiek wat handel oor graad 7 A se wiskunde punte en beantwoord die vrae wat volg (7)

| | |
|---|---|
| 9 | 5 6 |
| 8 | 5 |
| 7 | 2 4 4 |
| 6 | 0 8 |
| 5 | 1 1 2 5 8 6 |
| 4 | 7 9 5 3 |
| 3 | 5 2 |

a) Hoeveel leerders is in die klas? (1)


b) Wat is die omvang van die punte? (2)

c) Wat is die modus van die punte? (1)

d) Wat is die mediaan van die punte? (2)

e) Wat is die gemiddeld? (3)

8.2) Bestudeer die grafiek en beantwoord die vrae wat daarop volg (9)




a) Watter soort grafiek is dit?

b) watter inligting is op die horisontale as?

c) Watter inligting is op die vertikale as?

d) Waaroor handel die grafiek?

e) Wie het die meeste wild gesien?

f) Watter wild is die meeste gesien?

g) Watter wild is die minste gesien?

h) Wie het die meeste Zebras gesien?

i) Wie het die meeste bokke gesien?